

Psalm 72

Verwelkoming, afkondigings en kollekte

Votum:

- Tema vannoggend met prediking: ***Om in afhanklikheid voor God te leef.***
 - Hoor woord "afhanklikheid";
 - Hoor iets van die grootheid van God, van Wie Hy is.
- **Psalm 95:1-7**

Seëngroet:

Lof en aanbidding:

Psalm 72

Skriflesing: *Psalm 72*

Tema: *Om in afhanklikheid voor God te leef.*

Inleiding

Tyd waarin ons leef is ons diep bewus van verandering - dink maar net aan wat se verandering Covid regulasies aan ons as mens doen.

- Werk van die huis af - sekere voordele inhou.
- Sosiale lewe het verander - drink minder koffie by openbare plekke; kies om eerder by huis te bly en mense sover moontlik te vermy; curfew.
- Interaksie met mekaar het ook verander - maskers; afstand, manier hoe ons mekaar groet.
- Kerkwees word ook geraak.
- Verandering wat so deel van ons is en ons kan dit nie vermy nie.
- Verandering wat plaasvind en funksioneer vanuit die verlede - hoe goed was en gefunksioneer het en hoe dit nou is agv verandering.

Die interessante is dat die Bybel altyd minder gefokus is op die verlede en die dinge waaroor ons spyt moet wees, en dat dit meer fokus op die toekoms en watter nuwe moontlikhede daar vir kinders van die Here wag.

- Dit gaan oor die uitdagings en geleenthede wat die Here vir ons gee.
- Dat ons veral nie sal toelaat dat veranderinge ons fokus wegneem van dit waartoe God ons geroep het, daar waar God ons wil gebruik en hoe Hy ons wil gebruik en waar ons elke dag 'n verskil kan kom maak nie.

Ek lees van 'n baie goeie bloedhond wat een keer in Engeland 'n groot takbok met pragtig horings, 'n regte trofee bok, begin jag het.

- Op die jag gebeur dit toe dat 'n jakkals die spoor kruis en die hond sy fokus toe verskuif weg van die bok af na die jakkals toe en hy die jakkals verder jag.
- 'n Haas kruis toe die spoor, en weer verander die hond sy fokus, sy jagtog en hardloop agter die haas aan.
- Toe gebeur dit dat 'n muis die spoor kruis en die hond sy fokus van die haas na die muis toe skuif en die muis binne in 'n skuur injaag.

Die hond het begin met 'n groot doel, die takbok wat 'n groot trofee vir sy eienaar sou wees, maar hy verloor fokus en op eindig met 'n muis.

- ***Hoe baie keer gebeur dit ook nie met jou en my dat ons fokus verloor?***
 - Persoonlike lewe: Huwelik; gesinslewe; werksituasie; doelwitte wat jy vir jouself stel ens.
 - Verhouding met God:
 - Erediens met bepaalde voorneme - stap uit om die bok te jag, maar teen die einde van die week jag jy die muis.
 - Stiltetyd - tyd by God se voete.

Groot vraag: Hoe gaan ons dit regkry om in ons persoonlike lewe en verhoudings, maar ook in ons verhouding met God gefokus te bly?

Antwoord uit Psalm 72 op die vraag is dat ons fokus behou deur elke dag in afhanklikheid voor God te leef.

- Jesus leer dit immers vir ons in **Matt 5:3** as Hy sê: **“Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel”**.
- Afhanklikheid wat sigbaar moet wees in ons priester, profeet en koning wees.

1. Leef as PRIESTER in afhanklikheid voor God.

Dink aan die rol van 'n priester, dan is dit om vir die volk en die by God in te tree deur gebed.

- Gebed speel so 'n belangrike rol in die Bybel en dit is so deel van elke gelowige se lewe.
- Dawid wat **Psalm 72** gebid het, het geweet wat koningskap behels en daarom bid hy hierdie gebed in afhanklikheid tot God spesifiek vir sy seun Salomo wat die koning was.
- Hoor die trefwoorde van gebed in die Psalm: **“Leer tog”**; **“Laat”** en **“Mag”**.
- Gebed wat nie net daarvoor gaan om lof aan die Here te bring of om jou skuld te bely nie, maar ook veral daarvoor gaan om te bid dat ons gefokus sal bly.
- Gebed wat leef uit ons diepe afhanklikheid tot God.

In 'n deel van Afrika was die eerste bekeerlinge baie ywerig in hulle gebede.

- Daar word vertel hoedat elke gelowige sy eie spesiale plekkie (gebedskamer) buitekant die dorpie gehad waar hulle gegaan het om alleen in gebed voor God stil te word.
- Met hulle eie private voetpaadjie het elke gelowige na sy of haar “gebedskamer” gestap om daar tyd saam met God te spandeer in gebed.

- As jy die getuigenis wou sien van 'n persoon se gebedslewe, hoef jy net na die voetpaadjie te kyk, want as die paadjie begin toegroei met die gras was dit die bewys dat daar nie so gereeld gebid word nie.
- Omdat hierdie nuwe Christene besorgd was oor die ander se geestelike welstand, het 'n unieke gebruik by hulle ontstaan dat wanneer hulle agter gekom het dat iemand se gebedspaadjie begin toegroei het, het hulle mekaar vriendelik vermaan en gesê: **“Vriend, daar is gras op jou voetpaadjie!”**

Ek wonder hoe jou en my voetpaadjies in ons gebedslewe lyk: Is dit oop of is dit toe gegroei?

Miskien help die volgende aanhaling van Kathleen Norris vir ons om nie die gras oor ons paadjies te laat groei nie en om ons taak as priesters uit te voer:

- *I sometimes think of prayer as a certain quality of attention that comes upon me when I'm busy doing something else. When a person - friend or foe - suddenly comes to mind, I take it as a sign to pray for him. I know several pastors who use their daily jogging run in order to pray for all the members of their churches, lingering over each name. “Just saying the name can be a prayer,” one said to me, “because if I don't know what that person needs, I can be certain that God does.”*
- Om net weer die fokus te kry om met meer aandag en afhanlikheid voor God te leef deur gebed:
 - Of dit nou daar in my binnekamer is of ek by die rooi verkeerslig wag of op my fiets of terwyl ek langs die see stap waar ook al ek is terwyl iemand se naam of iets in my gedagtes opkom om voor die voete van die Here neer te sit.
- Voorreg wat ons as priesters het om deur gebed in afhanklikheid voor God te leef.

2. Leef as PROFEET in afhanklikheid voor God.

'n OT teoloog het die rol van 'n profeet soos volg gedefinieer: Een wat deelneem in die emosies van God!

- 'n Profeet is dus iemand wat begin om saam met God te voel, wat met God se emosies na die wêreld begin kyk en raaksien wat in die wêreld gebeur - goed of sleg - en sien ook raak wat die wêreld nodig het.
- 'n Profeet word iemand wat God se gevoelens hier in jou binneste begin ronddra en vanuit daardie afhanklikheid van God begin optree.
- Hoor dit hier in **Psalm 72** wanneer daar gepraat word oor die verdruktes aan wie reg moet geskied (in 5 verse: **verse 2, 4, 12, 13, 14**).
- Om hierin te hoor en raak te sien van die seer en die stukkend binne in die wêreld en hoe daar 'n verskil daarin gemaak moet word.
- Die kosbaarheid van die lewe wat raakgesien moet word.

William Booth, die stigter van die Heilsleër se verhaal vertel vir ons daarvan.

- Sy evangelie het bestaan uit "seep, sop en saligheid".
- Alles het begin toe William een nag nie kon slaap nie.
- Hy het by sy snoesige huis in Londen uitgestap en gedwaal deur die agterstrate van Londen, waar hy normaalweg nooit gekom het nie.
- Toe hy by sy huis terugkom, het sy vrou hom gevra: "**Waar was jy?**"
- Hy het geantwoord: "**Katherine, ek was in die hel, ek was in die hel!**" En hy het haar alles vertel.

Op daardie dag het hy en sy vrou besef daar word te min vir die armes gedoen.

- William Booth het begin om tussen hulle te werk en te leef en so het hy gou tot die besef gekom dat die armes Kersfees vier deur hulle dronk te drink.
- Net daar besluit hy dat hy met die volgende Kersfees sou sorg dat daar vir elkeen 'n Kersete is.
- Saam met sy vrou Katherine het hy 'n sopkombuis begin, want, só het hy geglo: "Niemand kan Jesus aanneem op 'n leë maag nie."
- Die armes kon enige tyd van die dag of nag vir hulle sop gaan haal by dié kombuise.
- Teen 1878 was daar altesaam 81 sulke sopkombuise waarheen die armes kon gaan vir iets te ete, en 127 evangeliste het saam met William en sy vrou gewerk.
- Dis toe dat hulle besluit het om hulleself die Heilsleër ("Salvation Army") te noem.
- 'n Orkes is ook gestig wat altyd gespeel het waar William opgetree het.
- Die musiek het gehelp om die mense na die byeenkomste te lok.

Op 'n ander dag het William oor die bekende Londen brug gestap toe hy daar 'n klomp hawelose mense onder stukkende, ou komberse sien lê.

- Hy het 'n pakhuis by die dokke gehuur en dit omskep in 'n nagskuiling vir hawelose mense.

Die dag toe William Booth dood is, het selfs die koningin sy begrafnis bygewoon.

- Langs die koningin het daar 'n vrou gesit wat voorheen 'n prostituut was.
- Toe die koningin haar vra hoekom sy die begrafnis bywoon, het sy geantwoord: "***Omdat hy vir mense soos ek omgee het.***"

Ons het die voorreg om elke dag as God se profete in diepe afhanklikheid voor Hom te leef en 'n verskil in mense se lewens te maak.

- Dit hoef nie groot goed te wees nie - klein goed; net deur God se oë raak te sien en 'n verskil te kan maak.
- Foto's van projek by die Jeug lokaal.

3. Leef as KONING in afhanklikheid voor God.

God is ons Koning en ons is Sy koninkryks kinders wat saam met Hom regeer.

- Dit vra dat ons veral aan 2 goed gehoorsaam sal wees wat van 'n koning en koninkrykskind verwag word.
 - **Vers 1** - Dat ons volgens **God se wil sal leef** en dat ons **reg sal laat geskied** - liefde tot God en liefde tot die naaste.
- Konings het lief soos Koning Jesus - **Joh 13:1b** *“Hy het sy eie wat in die wêreld is, liefgehad, Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad!”*

'n Jong paartjie het betrokke geraak by 'n kerk waar daar 'n klomp geraas, geskreeu, geklap en gespringery was.

- Hulle wou hulle ouma oortuig om ook saam te kom en het vir haar gesê: **“Ouma moes dit gesien het. Die Heilige Gees was regtig daar!”**
- Ouma het net in haar stoel gesit en geluister en toe sy uiteindelik praat sê sy: **“Kinders, ek gee nie om hoe hard hulle skreeu nie en ek gee nie om hoe hoog hulle spring nie. Dit wat hulle doen as hulle by die huis terugkom is wat regtig tel.”**

Om as konings in afhanklikheid voor God te leef en Sy koninkryk in elke situasie en omstandigheid sigbaar te maak.

Slot:

Psalm 72:18 & 19

- Dit is voor *God-Drie-Enig* wat ons elke dag in afhanklikheid leef, terwyl ons bid: *Here Jesus, mag U koninkryk sigbaar word daar waar U my daaglik as 'n priester profeet en koning gebruik.*

Amen

Gebed

Antwoordlied:

Seën: